

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



NOVEMBER
2015

HALALA, boere van Graan SA! HALALA, Graan SA Boere Ontwikkelingspan!

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Lees Binne:

02 | Ouma Jane sê...

06 | Neem beheer
van jou skuld

08 | Graan SA gesels met...
Themba Congwane



Boere het weer eens, baie in hul kleurvolle tradisionele uitrustings, uit alle hoeke van Suid-Afrika saamgekom om 'n gelukkige dag saam te spandeer en groei, vooruitgang en harde werk te erken en om hul suksesse te vier.

Dit was 'n DAG VAN FEESVIERINGE vir die Graan SA span en die lede van die Boere Ontwikkelingsprogram van Graan SA – en 'n dag om die vordering op grondvlak te erken, wat die gevolg is van die harde werk van toegewyde manne en vroue wat hul lande bewerk en voedsel vir hul families en die nasie produseer.

Die lug rondom die lokaal is gevul met gelukkige klanke wat deur die marimba spelers bygedra is, asook vriendelike stemme van mense wat vriende van verre uithoeke van die land groet. 'n Verwelkomings koppie tee met verversings is geniet en daarna was dit tyd om die goeie nuus van wie die finaliste en wenners van elk van die drie kategorieë is, te hoor: Bestaansboer van die Jaar, Kleinboer van die Jaar en Nuwe Era Kopersiële Boer van die Jaar. Proviniale Koördineerders Johan Kriel en Danie van den Berg het lede van die beoordelaarspanele wat duisende kilometers gery het en die moeilike taak gehad het om die keuse te maak vir wenners in elke kategorie, bedank.



03



08





OUMA JANE SÊ...

In hierdie Pula Imvula is 'n artikel oor grondbesit in Suid-Afrika. Ongeag jou tipe grondtoegang en of jy jou eie grond besit of nie, die belangrikste aspek van boerdery is die gebruik van die grond. Op die ou einde gebruik ons net die grond – dit behoort aan toekomstige geslagte. Almal wat toegang tot grond het, moet in 'n posisie wees om die grond produktief te gebruik. Dit is die gebruik van grond wat boere in staat stel om hulself en die nasie te voed. Ongelukkig het ons baie boere met grond wat hulle nie kan gebruik nie, want hulle het nie meganisasie of produksie-insette nie – dit is die uitdaging wat ons probeer aanspreek.

Ons het weer eens bewus geword van verskeie organisasies wat boere uitbuit, terwyl hulle dan voorgee dat hulle help. Hulle sê hulle doen "boere ontwikkeling", terwyl hulle hulself eintlik verryk in die proses. Ek het die begrotings van 'n paar van hierdie projekte gesien en hul produksiekoste is dikwels dubbel dié van die kommersiële boere. Die gebruik van kontrakteurs is nie iets nuuts vir enigeen van ons nie, maar in so baie gevalle is dit waar "buitensporige winste" weggesteek word. Jou meganisasiekoste moet nie meer as R1 800/ha vir alle operasies wees nie en dit is nie ongewoon om begrotings van meer as R3 000/ha te sien nie. In hierdie gevalle is die kontrakteurs die mense wat die geld maak. Een begroting wat op my tafel beland het, het ingesluit R2 000/ha vir die "identifisering van die boere" – dit is 'n skande! Wanneer jy hierdie mense aanvat, sê hulle dat dit goed is, want die boere kry "skenkings" van die Regering. Ek kan nie saamstem hiermee nie – skenkings kom uit die belasting wat ons as burgers betaal en ons moet nie die wanbesteding van hierdie belasting toelaat nie.

Ons is baie opgewonde oor die "Jobs Fund"-projek wat ons gaan doen vir die volgende vier jaar – hierdie jaar het ons 1 700 boere gehelp om moderne produksiepraktyke op hul 1 hektaar grond te gebruik in die kommunale landelike gebiede. Dit maak nie saak of jy net toegang tot 'n klein stukkie grond het nie – op daardie grond kan jy ook kommersiële opbrengste behaal. Jy kan jou familie voed en bydra tot die Suid-Afrikaanse kosmandjie.

Gryp die geleentheid wat jy het om voedsel te produseer vir ons nasie – jy is nodig om jou bydrae te maak.

Halala, boere van Graan SA! Halala, Graan SA Boere Ontwikkelingspan!



Bestaansboer

Die 2015 finaliste van die Graan SA/ABSA Bestaansboer van die Jaar is: Musawenkosi Ntombela, Ngubengcuka Moyo en Jabulani Mbele.



...en die wenner van die Graan SA/ABSA Bestaansboer van die Jaar is Ngubengcuka Moyo. Van links, besig om Ngubengcuka geluk te wens, is Jane McPherson (Graan SA Bestuurder: Boere Ontwikkelingsprogram), Ramodisa Monaisa (Serenomieester en Vice-Voorsitter van die Boere Ontwikkelings Werkgroep), Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoofbestuurder: Graan SA) en Ernst Janovsky (Hoof: Sentrum vir Uitnemendheid ABSA AgriBesigheid).

Dit was baie opvallend dat elke genomineerde se boerderybedrywighede op die een of ander manier gegroeи het. Baie vertel van dramatiese stygtings in hul opbrengste, bloot omdat hulle beter kennis van die beste praktyke vir hul area het en hulle meer oor die belangrikheid van onkruidbeheer, grondgesondheid en saadkeuse geleer het. Dit is opwindend om te hoor hoe 'n paar klein veranderinge in hul boerderypraktyke gelei het tot dramatiese verhogings in hul opbrengs, wat hulle gemootiveer het om meer te plant en hul boerderybedrywighede laat groei het.

Hoe wonderlik om te hoor dat een boer in staat was om sy huisgesin te voed en die oortollige te verkoop vir kontant, sodat hy vir sy gesin kan voorsien en hulle gesond kan

hou! In die wêreld van ontwikkeling is dit nie altyd die groot boerderyoperasies wat tel nie...klein verbeterings kan lewens in die landelike gebiede verander – dit is wat saak maak! Baie boere het ons vertel dat selfs al was die 2014 - 2015 seisoen droog, het hulle steeds redelike oeste gehad. Dit was die gevolg van gewaardeerde advies ontvang van die Graan SA-span en mentors.

Die boere het gepraat van die wonderlike verhoudings met Graan SA se mentors wat hulle help met raad op hul lande. Baie het ook die waarde van die bou van goeie verhoudinge met kommersiële boere, sowel as die agribesighede, beklemtoon. Een boer het gesê dat hy elke seisoen kundige advies oor spuit kalibrasie/toediening kry, want die produkte en

Kleinboer

Daliwonga Nombewu,
Lawrence Mtsweni en
Salphanius Motswenyane is
die 2015 Graan SA/Syngenta
Kleinboer van die Jaar finaliste.



Die wenner van die Graan SA/Syngenta Kleinboer van die Jaar, 2015 is Daliwonga Nombewu.

Nuwe Era Kommersiële

Graan SA/ABSA/John Deere
Finansiële Nuwe Era Kommer-
siëlle Boer van die Jaar finaliste
vir 2015 is Vuyani en Lungelwa
Kama (Lungelwa was nie teen-
woordig nie), Maseli Letuka en
Solomon Masango.



Solomon Masango, vergesel van sy pragtige vrou, Christina, is 2015 se Graan SA/ABSA/
John Deere Finansiële Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar. Jannie de Villiers,
Ramodisa Monaisa, Ernst Janovsky en Antois van der Westhuizen (Hoof: Verkope Finansie-
ring – Sub Sahara Afrika, John Deere Finansiële) is trots om die wenner geluk te wens.





Halala, boere van Graan SA! Halala, Graan SA Boere Ontwikkelingspan!

dosisse kan elke jaar verander. Die verbeterings was die gevolg van beter onkruidbeheer, grondmonsters, saadkultivarkeuse, wisselboupraktyke en die implementering van geen-bewerkingsboerdery. Klein verbeterings het ongelooflike resultate gegee. Die boere het die belangrikheid van besigheids en finansiële bestuur beklemtoon. Baie het Graan SA se Sake-en Finansiële bestuurskursusse bygewoon. Al die wenners het gesê dat hulle self Graan SA se kursusse bygewoon het, maar dat hulle ook hul werkers bemagtig deur hulle ook op die kursusse te stuur.

Dit was verblydend om te sien hoeveel van die voorste boere het hulde gebring aan hul vroue, seuns en dogters wat hulself verbind het om te help bou aan suksesvolle boerderye en ondersteuning gegee het op die lande en in die kantoor en te help met bemarking.

Die wenner van die Graan SA/ABSA Bestaansboer van die Jaar, 2015 is Ngubengcuka Moyo wat gementor word deur Lawrence Lutango van die Mthatha kantoor. Hy doen al sy boerdery met die hand en het sy opbrengs verbeter deur die gebruik van 'n handplanter en 'n rugsakspuit. Hy kies om te boer met behulp van geen-bewerking metodes en is gelukkig dat dit hom help om die grond vir toekomstige geslagte te bewaar. Hy woon in 'n afgeleë streek met 'n beperkte infrastruktuur en sê sy grootste uitdaging is in die bemarking van sy oes.

Die wenner van die Graan SA/Syngenta Kleinboer van die Jaar, 2015 is Daliwonga Nombewu van die Oos-Kaap. Sy Graan SA Provinciale Koördineerder is Vusi Ngesi wat gebaseer is in Maclear. Selfs in hierdie droë seisoen het sy 13 ha mielies gemiddeld 4,5 t/ha opgelewer. Hierdie jong boer is so geïnspireerd dat hy van plan is om te groei deur die huur van bykomende grond. Hy meen dit is belangrik om jou risiko's te versprei en hy verbou ook droëbone, aartappels en spinasie wat plaaslik in aanvraag is en sy kontantvllei verhoog. Hy het hulde gebring aan sy vrou wat hand aan hand saam met hom in die boerdery werk en saam fokus hulle op goeie kantoor bestuurspraktyke.

Die Graan SA/ABSA/John Deere Finansiële Nuwe Era Kommersiële Boer van die Jaar, 2015 is Solomon Masango. Solomon boer naby Carolina en sy Graan SA Ontwikkelingskoördineerder is die onlangs afgetrede Naas Gouws. (Jurie Mentz het onlangs die leisels oorgeneem). Solomon beoefen geen-

“Die boere het gepraat van die wonderlike verhoudings met Graan SA se mentors wat hulle help met raad op hul lande.”

bewerking boerderypraktyke en plant mielies, sojabone en suikerbone. Hy beklemtoon die belangrikheid van goeie verhoudings met ander boere en adviseurs wat hom help met sy beplanning. Hy meen dit is belangrik om vorentoe te kyk en vooruit te beplan vir die volgende seisoen. Solomon waardeer sy plaaswerkers en plant selfs 'n paar hektaar vir elkeen van hulle. Hy het ongelooflike vooruitgang gesien en sy opbrengste het gegroei van 3,5 t/ha tot 6 t/ha. Geen wonder dat hy 'n waardige wenner was wat 'n groot prys huis toe geneem het nie: 'n Splinternuwe John Deere 5403 MFWD 48 kW trekker. Dit is die grootste prys wat ons nog ooit gehad het, te danke aan die vennootskap tussen **ABSA** en **John Deere Finansiële**. Sjoe, wat 'n viering wat ons gehad het! Trane van vreugde en verstommende ongeloof was alles op Solomon en sy vrou se gesigte te sien toe hulle die nuus laat insink het.

'n Heerlike middagete is geniet te midde van klanke van feesviering en 'n John Deere trekker wat weer en weer aangesit is soos medeboere Solomon se prys bewonder het. Die boere het stadig begin terugkeer huis toe, terug na die werk met die ritme van die son en die seisoene – werk op hulle lande naby Moeder Natuur en vervul met nuwe inspirasie en hoop om beloning in die volgende seisoen te ervaar.

Baie dankie aan die borge van die kompetisies en aan al die ander ondersteuners en vriende van die Graan SA Boere Ontwikkelingsprogram wat gekom het om te deel in hierdie Dag van Feesviering en huis toe is met 'n groot glimlag en warm harte – omdat 'n ontmoeting met die boere van Suid-Afrika dit ALTYD aan jou doen! Lank lewe Graan SA! Lank lewe Graan SA Boere Ontwikkeling!


**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.**

DAG VAN FEESVIERINGE

MOONLIK
GEMAAK DEUR
DIE MIELIETRUST



NEEM BEHEER van jou skuld



Dit is 'n feit dat produksie vanjaar nie was wat dit moes, of kon gewees het nie, as gevolg van droogtetoestande. Daarom is baie boere belas met skuld, veral vir produksiedoeleindes, wat nie ten volle, of glad nie terugbetaal kan word nie.

Sogenaamde uitstaande of oorlaatskuld, is ernstige skuld en plaas jou besigheid onder uiterste finansiële druk totdat die skuld terugbetaal is. Met 'n boerdery is dit nie altyd moontlik om kontant te betaal nie en jy is met tye gedwing om geld teleen. Daarom is dit nie vreemd om in 'n posisie soos hierdie te wees nie. Baie mense was al in dieselfde penarie oor al die jare heen. Dit is die manier waarop jy die situasie hanteer, wat belangrik is.

Daar is twee maniere om skuld te hanteer. Jy kan die verhouding wat jy met ander opgebou het, vir ewig beskadig. Die ander manier sal jou laat oorleef en jy sal meer betroubaar en gerespekteerd as ooit tevore opstaan, met 'n goeie geskiedenis van kredietwaardigheid.

Ons kan nie buitengewone situasies beheer of bestuur nie, byna altyd omdat ons belas is met ernstige skuld, maar ons kan die uitstaande skuld

bestuur. Wat moet ek dan doen in 'n soortgelyke situasie?

Wanneer jy uitstaande skuld het, GAAN PRAAT MET JOU KREDITEURE (instellings waar jy geld skuld). Moet hulle nie vermy nie. Besoek elkeen van jou krediteure in persoon en verduidelik jou penarie aan hulle. Rugsteun jou verduideliking met feite – byvoorbeeld wat is jou langtermyn gemiddelde produksie en wat jou produksie vir die laaste seisoen was. Verduidelik ook jou planne om jou situasie reg te stel. Rugsteun ook hierdie met 'n skriftelike verduideliking. En onderneem om hulle ingelig te hou oor jou herstel. Jy sal heel waarskynlik baie verbaas wees deur die positiewe gesindheid wat jy salervaar. Die houding van skuldeisers is altyd eerstens om jou te help om jou besigheid te behou – dit beteken meer geld vir hulle oor die langtermyn.

Voor jy egter gaan praat met jou krediteure, moet jy 'n bietjie huiswerk doen.

Stel 'n hersiene begroting ('n fisiese en finansiële plan) op, met inagneming van die onbetaalde skuld. Dui aan wat jy gaan doen en wanneer en hoeveel dit behoort te kos en wat jou inkomste behoort te wees. Dui aan hoe jy die uitstaande skuld sal betaal. 'n Deel van hierdie hersiene plan sal wees om jou besigheidskoste en jou persoonlike koste tot op die been te sny. Met ander woorde, neem 'n kleiner salaris vir jouself. Stel enige kapitaalbesteding (aankoop van bates) uit totdat jy uit die skuld is.

Wanneer jy hierdie hersiene begroting opstel,oorweeg alternatiewe planne deur 'n goeie blik op jou besigheid te gee. Alternatiewe planne kan wees om te vra vir 'n tydelike verhoging van die limiet op jou krediet, 'n herstruktureringsoek van jou uitstaande skuld, 'n versoek om slegs die rente op die skuld te betaal tot 'n later datum, om die uitskakeling van 'n onderneming wat nie 'n wins wys, of nie 'n goeie wins maak nie, uit te skakel en/of die verkoop van onproduktiewe bates teoorweeg, soos implemente/voertuie waarsonder jy kan gaan. Indien jy 'n belegging het, gebruik dit om skuld te betaal – rente wat jy betaal, is altyd meer as rente wat jy ontvang.

Herstrukturering van lenings impliseer dat jy vra om die uitstaande lening oor 'n langer tydperk terug te betaal, of versoek vrystelling van betalings vir 'n tydperk. Hou in gedagte dat wat jy ook al doen, gaan koste meebring – jy sal meer rente betaal. Niemand sal jou gratis help nie.

Dit is dan jou verantwoordelikheid om die planne uit te voer. Bestee volgens jou begroting om koste en uitgawes onder beheer te hou.

Wees baie versigtig om nie op die ingewing van die oomblik te koop nie. Wees gedissiplineerd – bestee volgens jou begroting. Dit is goeie finansiële bestuur. Onthou, jy is reeds in die moeilikhed en jy is die enigste een as eienaar/bestuurder van jou besigheid om jou besigheid weer op 'n gesonde finansiële basis te kry. Niemand anders gaan dit vir jou doen nie.

Laastens is dit dan van die uiterste belang om jou skuldeiser/s ingelig te hou oor jou verding op 'n gereelde basis (miskien ten minste een keer 'n maand). Jy veg vir die voortbestaan van jou besigheid en dus jou eie lewensbestaan. Hou by jou woord.

Weer eens moet jy onthou dat een van die beginsels wat ons beklemtoon het, is dat alles en almal wat betrokke is by die boerdery, of dit die eienaar/bestuurder of werknemers, doen of nie doen wanneer dit nodig is nie, beïnvloed die wins/verlies van die besigheid. Jy het 'n wetlike verpligting om 'n lening terug te betaal. Deur nie terug te betaal nie en jou krediteure te vermy, beskadig enige verhouding met hulle. Deur die bestuur van jou uitstaande skuld volgens bogenoemde beginsels, sal jy positiewe verhoudings met hulle skep. Positiewe verhoudings is 'n groot bate vir die bestaan van jou besigheid. In die toekoms sal jy dalk vind dat dit baie makliker is om krediet te bekom, want mense respekteer eerlikheid en integriteit.

**A artikel verskaf deur Marius Greyling,
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na mariusg@mccacc.co.za.**

Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

"Nothing can stop the person with the right mental attitude from achieving their goal; nothing on earth can help the person with the wrong mental attitude."

~ Thomas Jefferson

Jy het jou besluit geneem en nou moet jy die gevolge dra

Jy het 'n besluit geneem en nou moet jy die gevolge daarvan aanvaar – hierdie ou idiom word gewoonlik gebruik in reaksie op mense wat kla oor die probleme wat hulle self geskep het.

Moenie in die strik val om die voorbereiding van jou saadbed vir jou nuwe mielieoes te ongërg aan te pak nie. Dit kan jou oes maak of breek voordat dit selfs begin groei en jy kan die een wees wat kla oor 'n probleem wat eintlik jou eie skuld was!

Dit is waar dat baie dinge 'n impak gaan hê op die finale opbrengs van enige gewas in enige gegewe seisoen. In 'n vorige artikel is die belangrikheid van planterinstandhouding en planterkalibrasie bespreek en die belangrikheid van akkurate saadplasing en 'n ideale plantpopulasie is beklemtoon, maar...INDIEN DAARDIE SAAD nie in 'n goed voorbereide saadbed geplaas word nie, kan dit ook al die goeie werk wat in die plantoperasie ingegaan het, tot niet maak!

Soms is ons geseën, soos baie streke vanjaar geseën was met goeie vroeë reëns wat ons genoeg tyd gee om die grond goed voor te berei vir plant. Maar daarmee saam kom ook die uitdaging van vroeë onkruid en grasse wat beheer moet word, omdat jy nie al die kosbare vog wil mors op onkruid nie.

'n Goeie saadbed begin reeds met jou primêre voorbereiding, of jy nou tradisionele verbouingspraktike soos ploeg volg, bewaring of minimum bewerking deur die gebruik van tandimemente, of selfs geen-bewerking. Jy moet altyd 'n goeie, gelyk saadbed hê waarin jy jou saad plaas.

Die tydsberekening van jou saadbed voorbereiding is ook belangrik, omdat die resultate

nie ideaal sal wees indien jou grond te nat, of te droog is nie. Dit kan bepaal word deur 'n eenvoudige handtoets waar jy 'n handvol grond vat en dit druk. Voel dit taai? Kan jy 'n bal vorm wat aanmekaar klou? Vorm dit 'n lang rol wanneer jy dit tussen jou duim en wysvinger vasdruk? Indien dit so is, is daar te veel vog om jou saadbed voorbereiding te begin.

Grond wat gereed is vir saadbed voorbereiding, moet maklik tussen jou vingers verkrummel. Jy wil nie jou finale voorbereiding doen wanneer die grond te nat, of te droog is nie! Aan die een kant sal jy 'n te fyn saadbed hê wat die oppervlak maklik kan kompakteer en geneig is om weg te waai wanneer die winde kom (wind erosie), of indien dit te droog is, kry jy groot kluite wat nie sal breek nie en die saad-grond kontak sal beïnvloed en swak en ongelyke ontkieming veroorsaak. Wanneer die saadbed net reg is, dit wil sê, nie te fyn en nie te grof nie, is gelykheid of egaliteit die volgende belangrike aspek.

Wanneer jou saadbed is soos dit moet wees, laat dit die saad toe om geplaas te word teen 'n eweredige diepte en plante is meer geneig om gelyktydig te ontkiem om 'n eweredige stand te vorm. Die diepte van die plante is ook geneig om meer eenvormig te wees, wat die saad aanmoedig om gelyktydig op te kom en teen dieselfde tempo te groei. Dit help om al die saad gelykte kans te gee om te kompeteer vir die water en voedingstowwe wat beskikbaar is in die grond en sal uiteindelik 'n beter opbrengs bied.

Die saadbed voorbereidingsproses bepaal baie dinge soos:

- Dood onkruid voor plant;
- Insluiting van oesreste, mis, voedingstowwe

- en onkruiddoders in die grond;
- Die vermindering van grondverdigting;
- Manipuleer die grondoppervlak om gronderosie te verminder;
- Stel die planter in staat om konsekwente saaddiepte en spasiëring te voorsien;
- Bewaar grondvog;
- Stel grondvog onder die saad in staat om op te beweeg na die saad toe wanneer die grondoppervlak vog verloor;
- Minimaliseer kluite op die saaddiepte vir maksimum grond-saad kontak terwyl dit kluite op die oppervlak laat om gronderosie te verminder; en
- Verminder korsvorming wat die saad verhoed om egalig op te kom.

Onthou altyd dat alhoewel mieliesaad redelik groot en sterk lyk, is dit die tingerige nuwe wortels wat in die saadbed moet ontwikkel en hulle sukkel om in gekompakteerde grond te groei. Indien die wortels nie in staat is om die grond binne te dring nie, sal hulle vog en voedingsopname verminder en opbrengspotensiaal reeds op hierdie vroeë stadium beperk.

'n Saadbed moet dus voorberei word met die doel om vinnige, eweredige ontkieming en ongehinderde vroeë groei te bereik. Verder moet dit gedoen word so naby aan planttyd as moontlik, maar as daar reën val tussen saadbed voorbereiding en plant, wees geduldig en wag vir die grond om genoeg uit te droog voor plant.

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,
Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.**



Maak gebruik van dit waartoe jy toegang het. Die grond is mooi en krummelrig.

'n Voorbereide saadbed- sommige kluite is te groot.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324
Collinsstraat 7, Arboretum
Bloemfontein
► 08600 47246
► Faks: 051 430 7574 ▶ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson

► 082 854 7171 ▶ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel

► 084 264 1422 ▶ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks

► 018 468 2716 ▶ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGELDE TALE:

Afrikaans,

Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg

Vrystaat (Bloemfontein)

► 071 675 5497 ▶ danie@grainsa.co.za

Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)

► 079 497 4294 ▶ johank@grainsa.co.za

Kantoor: 051 924 1099 ▶ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombothi

Mpumalanga (Nelspruit)

► 084 604 0549 ▶ jerry@grainsa.co.za

Kantoor: 013 755 4575 ▶ Nonhlanhla Sithole

Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)

► 082 354 5749 ▶ jurie@grainsa.co.za

Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Louwsburg)

► 084 582 1697 ▶ graeme@grainsa.co.za

Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)

► 078 791 1004 ▶ ian@grainsa.co.za

Kantoor: 039 727 5749 ▶ Luthando Diko

Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)

► 084 264 1422 ▶ liana@grainsa.co.za

Kantoor: 012 816 8057 ▶ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)

► 082 877 6749 ▶ dutoit@grainsa.co.za

Kantoor: 012 816 8038 ▶ Lebo Mogatlanyane

Julius Motsoeneng

Noordwes (Taung)

► 072 182 7889 ▶ julius@grainsa.co.za

Artikels wat deur onafhanglike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Graan SA gesels met... Themba Congwane



Jurie Mentz, ons Vryheid Ontwikkelingskoördineerder, voer 'n onderhoud met Themba Congwane vir hierdie uitgawe van Pula Imvula. Themba se liefde vir boerdery het begin toe hy klein was, want hy het grootgeword op 'n plaas en sy droom is om 'n beter boer te word en hy beplan om dit te bereik deur die verkryging van kennis en hard te werk om sy doelwitte te bereik.

Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Tans boer ek op 186 hektaar op 'n plaas wat ek deur die grondhervormingsproses verkry het. Ek het begin deur die aanplant van 'n paar hektaar mielies en uitgebrei soos my kennis oor tyd toegeneem het. Die afgelope seisoen het ek 60 hektaar mielies geplant en ek is van plan om sowat 90 hektaar gewasse hierdie komende seisoen te plant. Ek is van plan om sojabone vir wisselbou te plant in die volgende seisoen en ook 'n bietjie mielies. Ons het ook 2 000 lêhenne op die plaas en 'n trop van 30 beeste.

Wat motiveer/inspireer jou?

Wat my die meeste motiveer, is wanneer ek rondkyk en die kommersiële boere sien. Ek wil graag een van hulle wees. My grootste motiveerder was mnr David Gooseberg wat aangestel is deur AFGRI en was my eerste mentor. 'n Mens moet vasbyt en hard werk op 'n plaas en doelwitte vir jouself stel.

Beskryf jou sterk- en swakpunte

Sterkpunte: My grootste krag is my familie wat my die hele tyd ondersteun en dat ek daar toe verbind is om te bereik wat ek graag wil bereik. Ek glo ook in leer en opleiding, omdat tegnologie deurentyd verander. 'n Mens moet jouself opgraderen deur middel van opleiding om 'n beter boer te word.

Swakheid: My grootste swakheid is dat ek ongeduldig is en dat ek dalk my boerdery te vinnig wil laat groei.

Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

My heel eerste mielieoes het 4 ton/ha opgelewer en vanjaar, ten spyte daarvan dat dit baie droog en uitdagend was, het ek daarin geslaag om 7,8 ton mielies/ha te kry. Ek glo dit is behaal deur vroeg of op die regte tyd te plant en deur elke dag op my plaas te wees. Ek glo daarin om self betrokke te wees en in goeie instandhouding

van my toerusting voor die seisoen begin. Ek soek voortdurend na inligting om myself en my boerdery te verbeter en ek is nie bang om my kommersiële bure raad te vra om iets te doen nie.

Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sou jy nog wil doen?

Ek het die Inleiding tot Mielies, Gevorderde Mielies, Sojaboon, Boerdery vir Wins en Op die Plaas Instandhoudingskursusse voltooi, maar wil graag meer leer oor geen-bewerking, enjinierstel en ander opleiding om myself te verbeter.

Waar sien jy jouself oor vyf jaar? Wat sou jy graag wou bereik?

Oor vyf jaar sou ek graag 'n groter boer wou wees – miskien dubbel die hoeveelheid lande aanplant met beter toerusting en trekkers. Ek wil ook graag my opbrengs verbeter. Dan sou ek graag wil help met sosiale verantwoordelikheid deur die oordrag van my kennis aan ander boere in my omgewing.

Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

My raad aan jong aspirantboere is dat hulle geduldig moet wees, kennis verkry en baie hard werk om hulle doelwitte te bereik. Ek wil hulle graag aanmoedig om nooit op te gee op hul drome nie en haalbare doelwitte vir hulself te stel en om te onthou boerdery is 'n langtermyn doelwit.

**Artikel verskaf deur Jurie Mentz,
Ontwikkelingskoördineerder van die
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere,
Vryheid. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos
na jurie@grainsa.co.za.**